KNOBBELRIT – PRET VIR DIE HELE GESIN (EN VIR OUMAS EN OUPAS)



Hier kom VET PRET vir die hele gemeente!
Die PLESIERKOMITEE (bestaande uit die 3 broers Jan, Bart en Gerrit van Milligen – beslis nie ‘n komitee van die Kerkraad nie!) beplan ‘n knobbelrit (skattejag / “Amazing Race”) op 27 Februarie 2010 om bande tussen gemeentelede te verstewig en om fondse in te samel om ons finansiële jaar (wat die volgende dag ten einde loop) se tekort te verminder.

Hoe werk dit?
Gemeentelede neem in spanne deel aan die kompetisie. Elke span moet uit minstens 4 persone bestaan. Spanne ontvang ‘n reeks leidrade en moet sekere (maklike) opdragte uitvoer en (eenvoudige) vrae beantwoord, terwyl hulle (per motor) ‘n sekere roete ry (nie jaag nie). Die rit skop om 13h00 af by ons gemeentesentrum en sluit af met ‘n bring-en-braai en kuiergeleentheid. Die roete is nog nie gefinaliseer nie, maar die totale afstand van die roete behoort minder as 150 km te wees (as u natuurlik nie afwyk van die roete nie!)

Ons wil graag **oud en jonk** betrek by die geleentheid en spanne kry bonuspunte indien skoolgaande kinders en senior burgers (bo 65) ingesluit word.

Opdragte sal nie gevaarlik wees nie en spanne staan onder geen verpligting om die opdragte uit te voer nie, maar hulle loop dan wel ‘n risiko om een van die pryse mis te loop!

Pryse:
Ons is baie dankbaar teenoor Jan, Elza en Kees Beekman wat die eerste prys borg: **‘n Gratis naweekverblyf vir tot 10 persone in hulle luukse vakansiehuis te Onrus!** Die tweede prys is ‘n gratis naweek in Jan en Irene van Milligen se vakansiehuis teen die berg by Gordonsbaai, met ‘n lieflike uitsig oor Gordonsbaai-strand. Ons is nog op soek na borge vir die ander pryse. Kontak asb vir Bart indien u ‘n prys wil borg. (Terloops: Die prys vir die laaste plek is ‘n naweek (verpligte) verblyf in die Kerkhuis!)

Skryf nou in!
Indien daar te veel belangstelling is, sal ons ongelukkig die aantal spanne moet beperk of die roete moet aanpas. Dit is daarom belangrik dat ons so gou as moontlik ‘n indikasie het van hoeveel spanne gaan deelneem. Ons versoek u dus vriendelik om so gou as moontlik in te skryf deur u span se name op die vorm by die mediateek in die voorportaal te skryf. **Inskrywingsgeld is R100 per volwassene, R60 vir skoliere en senior burgers (bo 65) en gratis vir voorskoolse kinders.** Indien u wil deelneem, maar nie self vervoer het nie, kan u ook u naam op die lys skryf – ons sal u dan indeel in ‘n span.

Het u ‘n besigheid wat u wil adverteer? Borg dan ‘n span!
Indien u u besigheid wil adverteer, kan u ‘n span borg teen R500. U besigheid se naam word dan gekoppel aan hierdie span. Ons kan probeer reël dat u besigheid ook tydens die rit geadverteer word (ons kan selfs ‘n besoek aan u besigheid inkorporeer, indien dit op die roete lê). Kontak Bart indien u belangstel.

Beamptes/helpers benodig
As u nie self kan of wil deelneem nie, maar tog wil deel in die pret, is u welkom om ons by te staan met die organisering van die geleentheid. Ons benodig beamptes wat diens kan doen op verskeie kontrolepunte.

Kom speel saam en deel in die opwinding en geselligheid saam met u familie en mede-gemeentelede en help ons om die Kerkkas daardeur ‘n stewige hupstoot te gee. Vir verdere navrae, kontak Jan (082-855-4289), Bart (082-857-9932) of Gerrit (071-374-9285) van Milligen.